

# Ons Volksliedjies

IN hierdie laaste artikel oor ons volksliedere is ek van plan om 'n paar liedere, wat in die ou dae baie deur ons voorouers gesing is maar nou heeltemal vergeet is, weer te gee. Ons is afstammelinge van 'n volk wat meer tuis was ter see as op land, en die eerste Afrikaners so pas uit Holland en die hawestede langs die Noord- en Oos-seë het baie seemansliedere gesing. Hierdie liedere is met verloop van tyd vergeet, maar hulle bly nog voortbestaan in ou liederboeke. Hier volg die „Matrooslied" 'n bietjie verafrikaans.

*Wie wat worde wil*
*Hy die sit nie stil,*
*Nee hy trek die seegat uit*
*Hom wag ryke buit.*

*By die hand, by die hand vir die land!*
*Hou die roer reg!*
*So klink dit luid aan alle kant*
*Hou die oog, die oog na omhoog*
*Hou die roer reg!*
*Dat jou geen storm verrasse mc*
*Met die oog in die seil*
*En vir niemand veil,*
*Stuur die seeman sy swemmend paard,*
*Vir geen hel vervaard.*




(2)

*Kapteintjie hoezee, vir die vlag 'n hoezee!*
*Dag Trui en dag Klaar en dag Toos!*
*Jy kry wel 'n andere lief op die ree;*
*Dit weet elke Hollands matroos (bis).*

(3)

*Potdori! die vyand! ons gaan aan die dans*
*Met Engelsman en die Fransoos,*
*Kortjan uit die skee, en kortjan is wat mans*
*'t Kortjan van 'n Hollands matroos (bis).*

Net so oulik soos die deuntjie van Matrooslied is, is dié van „'n Liedjie van die See".

*Wie gaan mee, gaan mee oor die see?*
*Hou die roer reg!*
*Fris blaas die wind langs die ree,*
*Bly in die nes, in die nes met die res*
*Hou die roer reg!*
*Ons lyk die see 't allerbes*

*'n Hoezee, hoezee vir die see*
*Hou die roer reg!*
*Jongens van Holland roep nou mee*
*Hier is die veld, is die veld vir die held,*

*Hou die roer reg!*
*Hier toon die man wat hy geld.*
*Onder die seemansbuis*
*Daar is moed nog tuis*
*In sy vuis lê heel sy lot,*
*Hy vrees net vir God.*

## Deur N. H. Theunissen

Een van die roemrykste dade van ons voorouers was die verowering van die Spaanse silwervloot deur admiraal Piet Hein in 1628. Gou is daar liedjies op die gebeurtenis gemaak. Een van dié is later deur J. P. Heye verwerk. Hier is dit:

*LIED VAN DIE ZILVERVLOOT*

*Heb je van de Zilveren Vloot wel gehoord*
*De Zilveren Vloot van Spanje?*
*Die had er veel Spaanse matten aan boord*
*En appeltjes van Oranje.*
*Piet Hein, Piet Hein,*
*Piet Hein, zyn naam is klein.*
*Zyn daden bennen groot (bis)*
*Die heeft gewonnen de Zilveren vloot (bis).*

*Zei toen niet Piet Hein met een ernstige woord:*
*„Wel jongetjies van Oranje,*
*Kom klim 'reis aan dit en dat Spaanse boord*
*En rol me die mat van Spanje!"*
*Piet Hein, Piet Hein, (ens.).*

*Klommen niet die jongens als ka'ten in 't want*
*En vochten ze niet als leeuwen.*
*Ze sloegen die Spanjers wel duchtig te schand*
*Tot in Spanje klonk hun schreeuwen.*
*Piet Hein, Piet Hein, (ens.).*

*Kwam er nu nog eenmaal zo'n Zilveren Vloot,*
*Zeg, zou jelui nog ze kloppen?*
*Ofzoudt gy u veilig en buiten schoot*
*Maar stil in je hangmat stoppen?*
*Wel Hollands bloed*
*Heeft nog wel moed!*
*Al bennen we niet groot*
*We zou nog winnen een Zilveren Vloot!*

Ons wat almal, toe ons klein was, na Engelse skole gegaan het, het seker wel gehoor hoe Francis Drake in 1588 die Spaanse Armada verslaan het. Dis egter nooit aan ons vertel nie hoe die Spanjaarde in 1607 'n tweede Armada uitgerus het om Holland te oorval. Hierdie Armada is by Gibraltar heeltemal vernietig deur die beroemde Hollandse admiraal en ontdekkingsreisiger, Jacob van Heemskerk. Hierdie oorwinning het die verowering van die Ooste vir die Hollanders moontlik gemaak en ook onregstreeks die stigting van die Kaap moontlik gemaak. Hierdie ou lied was uiters gewild onder die eerste ingesetenes van die Kaap.

*O HEEMSKERK.*

*O Heemskerk! nooit U kloeke daad*
*Uit ons gedachten gaat,*
*Die met lust na de kust*
*Gibraltar voort so vaar*
*O Maraan daar wat op te slaan,*
*Met menig kloeken held*
*Die U te schepe was besteld*
*Elk geaard als een leeuw,*
*Onvervaard voor 't geschreeuw*
*Van 't snoode Spaans gedrocht,*
*'t Was een wonder soo elk vocht*
*Doen gy op den Blauwen Oceaan*
*Liet waaien Statenvaan.*
*Al 't gebras datter was*
*Moest voort overboord*
*Daar versoop schier meestal den hoop*
*De vlotten dreven zeer*
*Vol Kistaljanen heen en weer*
*Groot krioel en gewoel*
*Zag men daar voor en naar*
*Die best konde pakt hem dra*
*Op die vlucht of tot gena.*

'n Ou boere-lied wat ek nog in my jong dae hoor sing het, was „Te Kieldrecht" Dit is op skool aan my geleer deur een van Milner se onderwyseresse en sy het dit uitgespreek „Tea Keeldright." Glo my, ons het gedink dat dit Latyn was, wat ons moes sing.

*TE KIELDRECHT*

*Te Kieldrecht, te Kieldrecht*
*Daar zyn de meiskens koene*
*Zy vryen tot de middernacht*
*En slapen tot den noene.*
*Ik maai, is dat niet fraai?*
*En slapen tot den noene.*

*Als ze opstaan, als ze opstaan*
*Dan kyken ze in de wolken.*
*Ze zeggen: „Wel hoe laat is 't al,*
*Ze zeggen: „Wel hoe laat is 't al?"*
*Myn koe staat ongemolken.*
*Ik maai, is dat niet fraai?*
*Myn koe staat ongemolken.*


(Vervolg op Bladsy 45)


**SKUD WAKKER U LEWERGAL SONDER KALOMEL**

**En u Sal Soggens Uit die Bed Spring en Voel of u 'n Os Kan Omvergooi**

U lewer behoort daagliks twee pinte vloeibare gal in u ingewande te stort. As hierdie gal nie genoegsaam vloei nie, verteer u kos nie. Dit verrot net in die ingewande. U maag word vol gas. U word hardlywig. U hele gestel raak vergiftig en u voel suur, terneergedruk en klaar met die wêreld.

Soutsoorte, vonkeldrankies, smaaklike lakseermiddels en strawwe purgeermiddels is maar alles tydelike middels. 'n Blote werking van die ingewande raak nie die oorsaak nie. Dit kos die beroemde seker werkende Carter's Little Liver Pills om daardie twee pinte gal vrylik te laat vloei en u soos 'n vis in die water te laat voel. Dit is onskadelik, sag, tog verbasend om die gal vrylik te laat vloei. Vra om Carter's Little Liver Pills. Sorg dat u die naam Carter's op die rooi pakkie sien. By alle apteke teen 1/3.





Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

# LIGBAKEN OP ONS NASIEPAD

(Vervolg van bladsy 9)

beskou het; hul naasteliefde en broederskap, gewortel in 'n diep christelige godsdienssin; maar dat hy naas die handhawing van hierdie verhewe eienskappe wat inherent in sy volksaard is, nie sal nalaat om vir homself en sy nageslagte 'n stoflike heenkome te skep nie; dat hy nie sal terugdeins van die groot stryd wat vir hom voorlê nie om deur dieselfde volhardingskrag en deursettingsvermoë wat die Groot Trek moontlik gemaak het, ook die stoflike welvaart en veiligheid van sy nasate te verseker.

Want die besef dat die Afrikanervolk se stryd, noudat hy op kulturele gebied die volmondige erkenning van sy regte verkry het, ook ekonomies gaan wees, het 'n onmiskenbare neerslag gelaat, nie alleen in die toesprake wat tydens die Eeufeesviering gelewer is nie, maar ook in die gemoedere van die duisende feesgangers self.

Waardige grysaards, wat nie alleen hul volk se groot vryheidsworsteling meegemaak het nie, maar in die afgelope jare die eerste tekens van die Afrikaner se naderende stryd om ekonomiese selfstandigheid in sy eie land waargeneem het; penkoppe wat self reeds die wanhoop van die werklose ondervind het; boere wat ten gevolge van droogte en ander teisteringe op die afgrond van armoede lewe; maar ook die jong Afrikaanse intellektueel — by al hierdie lae van die Afrikaanse samelewing, uit alle dele van Suid-Afrika saamgetrek op die Eeufees-terrein, het ek die oorheersende gevoel aangetref dat die Groot Trek na ekonomiese selfbehoud vir die Afrikaner begin het. En dat daar met hierdie glansryke opvlamming van Afrikaanse solidariteit en samehorigheidsgevoel as wegspringplank, alle hoop op sege bestaan in daardie stryd, sal niemand betwyfel nie wat die voorreg gehad het om die Eeufeesviering in die „Voortrekkerstad" by te woon. Want die gedagte aan 'n Afrikaanse armblankedom in 'n land wat spreekwoordelik is vir sy welvaart en rykdom, die besef dat duisende afstammelinge van die Voortrekkers jaar ná jaar uitsak na die agterbuurte van ons groot stede, het soos 'n diepe verantwoordelikheid gerus op die gemoedere van die meer as sestigduisend manne en vroue wat drie dae lank in die Voortrekkerstad saamgetrek was. En die werk wat deur die Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie en ander Afrikaanse liggame ter plaatse gedoen is, die verstandige en indringende besprekings van die Afrikaner se ekonomiese vraagstukke deur feesredenaars, het onberekenbaar baie daartoe bygedra om 'n verdiepte en prinsipiële standpunt teenoor daardie probleme by die breë volkslae te bevorder.

So het die groot eeufees-byeenkoms op die besoeker die indruk gemaak van 'n magtige ligbaken wat sy verhelderende strale sal uitstuur totdat dit elke donker hoekie van ons volkslewe sal verlig; want die invloed wat van hierdie magtige gebeurtenis uitgegaan het, sal tot in die verste uithoeke van ons land gedra word deur die duisende wat die voorreg gehad het om dit persoonlik te ondervind: nuwe besieling vir die daad, nuwe vertroue in die toekoms; die droom van 'n groter Afrikanernasie; nuwe moed om met trots en volharding die werk te doen wat aan elkeen van ons toegesê is; eerbied vir die hoë, geestelike waardes wat ons vadere gehuldig het: Dit is die verhewe kragte wat soos onsigbare seëninge deur die groot Eeufees uitgestraal is na alle windstreke waar Afrikaners hulle bevind.

En vir die Afrikaanse denkers, die dromers en digters van die toekoms: Die boodskap om voort te trek na die donker, onontdekte land van die gees; want vir hulle, die Voortrekkers van die Gedagte, moet die Voortrek die sinnebeeld wees van die siel wat nie kan rus nie, voordat hy in homself die volkome Vryheid ontdek het, waarheen alleen onbevange denke, hoogheid van siel en onverbiddelike intellektuele eerlikheid hom kan voer.

Soos die Eeufees op die stoflike plan nuwe vooruitsigte vir die Afrikaner ontbloot het, so het dit die ontvanklike besoeker getref dat dit ook op geestelike gebied die voorspel is van 'n groot ontwaking en verdieping. Sal uit die diepe geestesberoeringe wat dit in ons volksiel veroorsaak het, nie 'n nuwe lente vir ons kuns en literatuur, vir ons hele geestelike lewe gebore word nie?

Die tekens is gunstig genoeg.

# Die Storie Van Die Mensdom

(Vervolg van Bladsy 39)

gevegte gelei het. Die Memel-Duitsers wil na Duitsland teruggaan, die Littauers weier om dit toe te laat, want hulle weet dat as dit gebeur, sal hulle geen toegang tot die see besit nie, aangesien Memel die enigste hawe van Littaue vandag tot die see is. Memel is vir Littaue so belangrik soos Dantzig vroeër vir Pole was.

Dit skyn egter asof die Duitsers van die Memel-gebied, ten spyte van die drastiese optrede van die Littauers, tog gaan wen. By die jongste verkiesing het die Duitse Nasi-party in die Memel-gebied wat ten gunste van aansluiting by Duitsland is, 26 uit die 29 setels verower. Die aansluiting van die Memel-gebied by Duitsland sal dus seker in binnekort geskied.

P. BEUKES.

# S.A. Volksliedjie

(Vervolg van bladsy 19)

So kom ek aan die end van hierdie serie artikels. Ek het verreweg geen volledige lys gemaak. Daar is nog baie ou liedere soos wat hierbo genoem is, wat gerus weer in ons musieklewe kan terug kom. Verder het ek nie vertalings, wat al ingeburger geword het, aangehaal nie. Baie egte volksliedere (eie goed) is ook nie genoem nie. Onder (1), ou liedere, kan ek nog noem: „Wilhelmus van Nassoue", „Malbroek", „Skoon Isabel", e.a.; onder (2), vertalings, noem ek: „Die Lorelei", „Die Brug op Ons Plaas", „By die Ou Meulstroom", ens. en onder (3) eie goed: „Hoe ry die Boere", „Hou jou Roksak toe".

Ek hoop net dat die artikels my lesers aangespoor het om ou liedere op te soek en neer te skryf. In die nabye toekoms hoop ek dat al die ou liedjies met musiek gepubliseer sal word. (Slot.)

---

Vrou aan man op die punt om na kantoor te gaan: „Mannetjie, hier is vir jou iets vir hare wat uitval."

Man (ongeduldig): „Maar ek het dit nie nodig nie."

Vrou: „Ja, maar jou sekretaresse se hare kleef verskriklik aan jou baadjie vas."

# AFRIKAANSE PROSA

(Vervolg van bladsy 24)

*Ons Skrywres en hul Werke*, en artikels in meer-genoemde tydskrifte in 1937).

## (4)—By prof. dr. T. J. Haarhoff

Verskoon my, amicissime, of soos ons ou Flaccus sou gesê het, „animae dimidium meae", dat ek vir jou in Afrikaans, die taal van hierdie verafgeleë volkie, soos destyds Ovidius uit Pontus, oor hierdie ernstige tema skryf; maar as jy lees wat sir Thomas Holland, prof. Wyld en ander vooraanstaande geleerdes oor Afrikaans gesê het, sal jy nie langer daaraan twyfel of die jong taaltjie, „like a young colt" (lees maar 'n bietjie vir Roy Campbell daaroor) in staat is om die diepste gedagtes op die fynste manier uit te druk nie.

Hier in ons land is 'n hennetjie (Gallina, het die ou stoere Romeine gesê) wat broei. Met 'n *gravitas* (ongelukkig 'n onvertaalbare woord, waarvan die fyner betekenis altyd verlore gaan) wat die ou Romein sowel as die ou Afrikaanse boer gekenmerk het, sit sy op haar nes; en met 'n pragtige *pietas* (eweëens onvertaalbaar („siqua est caelo — of liewer hier ‚nido' — pietas," sou ou Maro gesê het) waak sy oor haar eiers.

Dink net aan ons dierbare Oxfordse dae terug, wie nie almal oor die hennetjie geskrywe het nie: Cicero, Varro, Columella, en daardie ou ruie boer van 'n Cato.

Maar sy hoor iets nader. Is dit die Hydra, of watter Chimaera sou kom? (Byna, ou maat, het ek hier in Afrikaanse klassieke versmaat — „nugae canorae" — verval). Wat kan dit wees?

Ag, nee wat, dit is 'n „ridiculus mus" en die hennetjie kan gerus voortbroei. Daar is net „pietas" en „gravitas" (wat ek ook vir ons jonger geslag kan aanbeveel) vir die hen nodig, en *voorligting* vir die muis, om muis en hoender en eier in ons landjie te versoen tot 'n onbreekbare gemeenskap — 'n „pax murina", breër as die ou „pax Romana" en die verdwynende „pax Britannica" — 'n gemeenskap met drie harte wat klop soos een.

## (5)—Abr. H. Jonker

En eindelik, mnr. die Redakteur, het ek van die Nuwe Saaklikheid gelees wat mnr. Abr H. Jonker noudie-dag (sonder medewete van die Hobsons) in ons land ingevoer het, en nadat ek daarmee klaar was, kon ek my sinnetjie só skrywe:

Nes. Hen. Eiers. Stilte. Nog meer stilte. Kiem. Groei.

Muis kom. Muis gaan. Meer stilte.


Kraak. Breek. Bars. Nog meer bars . . . Kuiken.

Ek dank u vir u geduld en by voorbaat ook vir u raad en leiding in die toekoms.

U dienswillige dienaar,

PIETER M. STEYN.

Hennendal.






VERKOELING vir u PLAASWONING

Vir moeitevrye verkoeling hierdie Kersfees en vir baie wat nog kom, skaf 'n „SUPERFEX" aan. Dit vereis so min aandag dat u huisjong daarmee kan werk. Dit brand so min lampolie, en dan net vir 2 uit die 24 uur dat dit binnekort deur besparings homself sal afbetaal.

'n Produk van Perfection Stove Co.

SUPERFEX Olie Brandende KOELKAS



FABRIEKSDISTRIBUEERDERS:
Vir Natal, Transvaal en O.V.S.:
THOS. BARLOW & SEUNS (S.A.), BPK.
Smithstraat 365, DURBAN.
Simmonds-straat 9, JOHANNESBURG.
En in PRETORIA en PIETERMARITZBURG.

● Geen Elektrisiteit
● Geen Lopende Water
● Geen Bewegende Onderdele

Stuur my asb. sonder verpligting, volle besonderhede van die Superfex-olie-verbranding-verkoeling.

NAAM ........................................

ADRES ........................................

D. B.

POS NOU


Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012